Stellenbosch KERSMARK

# INLIGTINGSDOKUMENT

13 April 2025

Beste Uitstaller

**LEES ASSEBLIEF HIERDIE INLIGTING SORGVULDIG DEUR**

Ons is opgewonde om aan te kondig dat vanjaar se Kersmark op 'n nuwe terrein aangebied word:
**Hoërskool Stellenbosch, Jannaschstraat 18, Mostertsdrift, Stellenbosch.**

Die mark vind plaas van Woensdag **18 November tot Saterdag 28 November 2026** en fokus op kwaliteit handgemaakte produkte en Kersgeskenke.

**TYE**
Ma–Vr: 09:00–19:00
Sa: 09:00–16:00
So: Gesluit

---

**ALGEMENE VOORWAARDES**

- Tafels moet te alle tye vol wees; onvoldoende voorraad lei tot 'n boete van R200 per dag.
- Deelname aan ander markte mag nie voorraad beïnvloed nie.
- Slegs goedgekeurde produkte mag verkoop word.
- Pryse mag nie verander tydens die mark nie.
- Geen diensbeurte deur uitstallers nie – R250 diensfooi betaalbaar.
- Uitstallers is verantwoordelik vir hul eie eiendom en personeel. Indien die tafel beman gaan word , merk dit op aansoekvorm.
- Uitbetalings geskied 5–7 dae na afloop van die mark.
- Hou u area skoon en verwyder alle bokse.

---

**AANSOEKE**

- Voltooi vorm elektronies en heg produkfoto's aan.
- Dui aan indien 'n kragpunt benodig word (beperk beskikbaar).
- Sluit ID-afskrif en getekende vorm in.
- **Sluitingsdatum: 30 Junie 2026**
- E-pos: kersmark@jesussentraal.com / kantoor@familiekerk.com

---

**KEURING**

Kriteria: Gehalte handgemaakte produkte, aanbieding, prys en oorspronklikheid

- Elektroniese Keuring: 1–10 Julie 2026
- Suksesvolle aansoeke: kennisgewing vanaf 3 Augustus 2026
- Kosuitstallers moet monsters indien voor keuringsdatum.

---

**UITPAK & OPRUIM**

- **Uitpak: Dinsdag 17 November vanaf 08:00 – 17:00** (spesifieke tye per uitstaller sal gekommunikeer word)
- Tafels gereed teen 17:00
- Tafels moet met tafeldoeke tot op die grond bedek wees

H/v Martinsonstraat en Unielaan | Unielaan 1 | Stellenbosch | 7600
Sel: 065 513 5194 | Epos: kantoor@jesussentraal.com
Webtuiste: www.jesussentraal.com

- Geen spykers/gomme aan tentkante
- Voorraad kan daagliks 08:00–09:00 aangevul word
- Opruim: 28 November vanaf 16:45 (geen vroeër – verder reëlings sal gekommunikeer word)
- Los area skoon en netjies

---

**PRYSETIKETTE**
- Paxi van strepieskodes: ±R60 ekstra (Indien uitstaller nie van Paxi gebruik maak nie, moet 'n eie koerier gereël word.)
- Verdere inligting volg

---

**REGISTRASIE & KOSTES**
- Spasie: R950 per tafel/vloerspasie (1.8 x 0.75 m)
- Diensfooi: R250 (verpligtend)
- Paxi (opsioneel): ± R60 (indien nie Paxi moet uitstaller eie Kourier reël)
- **Betaling teen 30 September 2026**
- Geen terugbetalings

**BANKBESONDERHEDE:**

| | |
|---|---|
| **STELLENBOSCH KERSMARK** | |
| **ABSA BANK** | |
| **REKENINGNOMMER:** | **405 985 5109** |
| **TAKKODE:** | **632005** |
| **VERWYSING:** | **Naam en Van** |

---

**KOMMISSIE**
- 20% op alle verkope (moet in prys ingesluit wees)
- Pryse afgerond tot naaste Rand
- Kosstalletjies: aparte reëling

---

**SEKURITEIT**
Van 17 November tot 28 November 2026

---

**REKLAME**
Wye publisiteit via media, sosiale platforms en bemarking.

---

**VRYWARING**
Die uitstaller neem kennis dat die Kersmark 2026 nie op die kerk se perseel plaasvind nie, maar op die gronde van Hoërskool Stellenbosch, Jannaschstraat 18, Mostertsdrift, Stellenbosch. Deelname aan die Kersmark geskied op eie risiko, en die uitstaller doen afstand van enige eise teen die kerk en Stellenbosch Kersmark Edms. Bpk, hul werknemers of agente, vir enige verlies, skade of besering wat mag ontstaan tydens of as gevolg van die geleentheid.

Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, skade of verlies weens brand, diefstal, inbraak of weerstoestande. Die uitstaller is self verantwoordelik vir die veiligheid van sy/haar eiendom en personeel.

Die uitstaller onderneem verder om die kerk en Stellenbosch Kersmark Edms. Bpk te vrywaar en skadeloos te stel teen enige eise of skade wat voortspruit uit sy/haar deelname, behalwe waar sodanige skade veroorsaak is deur growwe nalatigheid of opsetlike wangedrag.

**KONTAKPERSOON**
*Wendy Theron*
*kersmark@jesussentraal.com*
*kantoor@familiekerk.com*
*Stellenbosch Kersmark*
Sel: 065 513 5194
Kantoor-ure: 08h00 – 13h00

*Kersmarkgroete*